Ontmoeting 4

Joël: Profeet van Juda

Kinders leer dat God omgee oor wat met ons gebeur

Teks: Joël 1–3

Hulpmiddels:

- Groen papiertjies, 2 emmers of houers om die papiertjies in te gooi
- Prent van die boom (of gebruik jou witbord/viltbord), asook die sirkels met mooi dade/vrugte
- Genoeg groen eetbare items vir jou hele groep
- Druk die verkeerslig-sirkels uit met die bypassende prente vir die verhaal (verkieslik op A3-karton sodat almal mooi kan sien)
- Afdrukke van dieselfde verkeerslig-sirkels en prente (op A4-kartonne of papier), een vir elke kind
- Afdrukke van die inkleurprent

Welkom

Gooi groen papiertjies wat soos grassies lyk op die hele vloer uit. Die kinders moet in twee spanne opdeel en soos sprinkane spring en kyk wie eerste die meeste "gras" in hulle emmertjies kan gooi.

Laat die hele groep in ŉ groot sirkel sit. In die middel is daar ŉ paar eetbare items wat almal groen is, bv. broccoli, blaarslaai, ertjies, kool, appels, pere, seldery en ŉ paar groen lekkers. Gee aan die groeplede elkeen ŉ nommer van 1 tot 4. Die groepleier verduidelik dat almal nou soos sprinkane gaan spring, volgens die opdrag wat gegee word. Sprinkane spring een sprong na regs/links/vorentoe/agtertoe/op-en-af op een plek. Sprinkane (roep ŉ nommer), spring tot in die middel van die sirkel en kry vir julle iets om te eet. Hou so aan tot almal kans gekry het om iets te ete te kry. Groen laat ons dink aan plante en blare. Ons gaan vandag leer van sprinkane wat al die plante van ŉ hele volk opgevreet het en hoekom dit gebeur het.



ŉ Boom met helderkleurige kolle: Elke kol verteenwoordig iets mooi wat ons na buite uitstraal. Die "mooi" kan die vrug van die Gees-konsep wees, bv.

Blou – Maak vrede waar jy is.
Groen – Wees geduldig.
Pers – Wees die minste.
Oranje – Help mekaar.
Turkuoise – Gee om vir mekaar.
Wit – Wees vriendelik.
Pienk – Ondersteun mekaar.
Rooi – Wees liefdevol.
Geel – Laat jou lig altyd skyn.

Ek wonder hoe verloor die boom sy mooi vrugte?

Haal elke mooi vrug af van die boom af vir elke negatiewe voorbeeld wat die kinders noem. Op die ou einde staan die boom kaal. Byvoorbeeld:

Blou – Maak vrede waar jy is: Jy raak betrokke by ŉ geveg.

Groen – Wees geduldig: Jy stamp en stoot in die ry om eerste te kom.
Pers – Wees die minste: Ek wil die grootste deel van die koek hê…
Oranje – Help mekaar: Jy wil eerder op jou eie die aktiwiteit doen en nie saam met die groep nie.
Turkuoise – Gee om vir mekaar: Jou ma het vir jou ŉ lekker hamburger ingepak vir pouse, maar jy wil dit nie deel met iemand wat nie kos het nie.
Wit – Wees vriendelik: Jy voel nie lekker nie, so jy hoef mos nie vandag enigiemand te groet nie…

Laat die kinders nog voorbeelde noem vir die ander vrugte.
Net soos ons slegte "vrugte" die mooi vrugte wegneem van die boom af, het sprinkane gekom en letterlik die mooi plante van ŉ hele volk opgevreet.
Verduidelik dat ŉ groep sprinkane ŉ swerm genoem word en dat ŉ groot swerm wat vlieg, soos ŉ wolk lyk. Daar waar hulle kom, vreet hulle elke krieseltjie van ŉ plant op. God se mense het te doen gekry met meer as ŉ swerm sprinkane. Vandag gaan ons uitvind hoekom.

Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

(Gebruik ŉ witbord of viltbord om die prente op te plak soos die storie vertel word.) Hierdie verhaal is deel van die res van ons reeks oor profete. Al die profete se verhale werk soos ŉ verkeerslig. Daar is altyd ŉ waarskuwing *(Plak sommer dadelik die waarskuwingsirkel op die bord.)*, ŉ keuse *(Plak die keusesirkel op.)* en ŉ belofte. *(Plak die beloftesirkel op).* Vandag gaan julle my help om in hierdie verhaal die waarskuwing, keuse en belofte te ontdek. Steek sommer dadelik jou hand op as jy dink jy hoor een van hulle.
Vandag se storie gaan oor iets wat so baie was, dat mens dit nie kon tel nie. Dit was iets wat Juda aangeval het. Ek wonder of julle kan raai wat? Ons noem hulle sprinkane en hulle vlieg in groot swerms. Hulle kan kilometers aanmekaar vlieg en hulle vreet elke plant wat hulle sien. In daardie tyd was ŉ goeie oes die teken van God se seën en sy nabyheid. God het die mense al soveel keer gewaarsku: As hulle sou aanhou sonde doen, sou Hy hulle straf. Hulle het nie geluister nie en aangehou om verkeerde dinge te doen. God stuur toe die sprinkane om hulle oeste te verwoes as waarskuwing. *(Plak nou die sprinkaan prentjie op die waarskuwingsirkel),* MAAR die mense van Juda kon steeds nie verstaan hoekom die sprinkane hulle aanval nie. Daarom het God iemand gestuur om dit vir hulle te verduidelik. Hierdie profeet se naam is Joël.
God het hom gestuur om die mense te waarsku oor wat gaan gebeur, omdat God baie, baie lief is vir ons en graag wil hê ons moet Hom ook liefhê en gehoorsaam. Hy wil graag hê ons moet deur mooi vrugte te dra vir ander wys dat Sy liefde deur ons vloei. God sê deur Joël vir die mense: as hulle terugdraai na Hom toe, sal Hy hulle vergewe. Die boodskap was dus dat hulle moes kies: óf sonde óf God se vergifnis. *(Plak nou die hartjie met die terugdraai simbool op die middelste sirkel.)* As ons iets lelik doen, voel ons ver van God af, maar Hy het nie weggedraai van ons af nie. Dit was ons lelike dade wat ons weg van God af geneem het. As ons dus vra vir vergifnis en besluit om eerder die mooi vrugte te dra, sal God ons altyd vergewe. En net soos die meeste van die ander profete, eindig Joël se boodskap deur die volk daaraan te herinner dat God baie lief is vir hulle. Hy belowe dat die straf nie vir altyd sou aanhou nie. Hy belowe dat dit weer eendag sal reën en dat God dan ook hul vyande sal straf. En Joël sluit dan af met ŉ boodskap van hoop: hulle moet nooit moed opgee nie. *(Plak die reddingsboei op die onderste sirkel.)*

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe het die Israeliete gevoel toe hulle al die sprinkane sien aankom het.
2. Ek wonder of jy ook al ŉ waarskuwing geïgnoreer het.
3. Ek wonder wat sal gebeur as ons al die verkeersreëls ignoreer.
4. Ek wonder of jy kan dink aan ŉ storie in die Bybel waar God vir ons wys hoe lief Hy ons regtig het.

Werskaf

- Maak verkeersligte:
- Rooi = Waarskuwing – plak die sprinkaan op die rooi lig;
- Oranje = Keuse – plak die hartjie wat ’n U-draai wys op die oranje lig;
- Groen = Belofte – plak ŉ reddingsband om te sê God het hulle gered op die groen lig. (Die kinders kan ook gras onder inteken as teken van herstel.)
- Gebruik van die groen stukkies papier wat jy vir die openingsaktiwiteit gebruik het en skeur stukkies af om die sprinkaan mee “in te kleur”. Anders kan kinders sommer net die sprinkaan inkleur.

Sluit af met die seënbede

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën;
En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.

Waarskuwing: Teen die verkeerde.

Keuse: Erken, vergifnis, Weer reg lewe!



Belofte: Altyd ‘n nuwe begin by God.






Julle moenie bang wees nie, julle moet bly wees en juig, want die Here sal 'n wonderwerk doen.
Joel 2:21


Julle moenie bang wees nie, julle moet bly wees en juig, want die Here sal 'n wonderwerk doen.
Joel 2:21